



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2015

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Theravada Boeddhisme …

A word esoteries genoem wat beteken dat dit nogal geheimsinnig en spesiaal is.
B het 'n stambasis.
C kom meesal in Suid-Asië, veral in Sri Lanka, Myanmar, Thailand, Kambodja en Laos voor.
D is die majestueuse wyse waarop die heelal werk. (1)

1.1.2 'n Staat van perfekte geluk en vrede:

A Nirvana
B Ubuntu
C Evolusie
D Reïnkarnasie (1)

1.1.3 Die stigter van die Baha'i-geloof was …

A Martin Luther.
B die Dalai Lama.
C Siddhartha Gautama.
D Baha'u'llah. (1)

1.1.4 'n Abrahamitiese geloof:

A Boeddhisme
B Taoïsme
C Baha'i-geloof
D Islam (1)

1.1.5 Die volgende is die gewildste Hindoe Heilige Boek:

A Dhammapada
B Bhagavad Gita
C Heilige Bybel/Skrif
D Missal (1)

1.1.6 Die Metodistekerk van Suidelike Afrika is 'n onderafdeling van …

A die ortodokse vertakking van die Christelike godsdiens.
B die Katolieke vertakking van die Christelike godsdiens.
C die Protestante vertakking van die Christelike godsdiens.
D Ortodokse Judaïsme. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.1.7 Die Tripitaka is …

A 'n Tao plek van aanbidding.
B 'n antieke katedraal in Duitsland.
C die drievoudige kanon in Boeddhisme.
D 'n wapen wat deur die kruisvaarders gebruik is. (1)

1.1.8 Die hoof van die Katolieke vertakking van die Christelike godsdiens is …

A Moses.
B die Dalai Lama.
C die Pous.
D die Aartsbiskop van Canterbury. (1)

1.1.9 'n Godsdienstige lering met absolute gesag word … genoem.

A 'n normatiewe bron
B barmhartigheid/deernis/ontferming
C diktatorskap
D dogma (1)

1.1.10 Die twee hoof Joodse groepe, volgens geografiese verwysings, is Sephardim en …

A Jang.
B Ashkenazim.
C Jiddisj.
D Ethiopiërs. (1)

1.2 In die konteks van godsdiens, verduidelik ELK van die volgende konsepte/terme:

1.2.1 Godheid (2)

1.2.2 Tao (2)

1.2.3 Vergelykbaarheid (2)

1.2.4 Uniekheid (2)

1.2.5 Kreasionisme (2)

1.3 Gee EEN woord/begrip vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/begrip uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/begrip langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Elke woord/begrip mag slegs EEN keer gebruik word.

| |
|---|
| nie-teïsties; reïnkarnasie; sinkretisme; Nirvana; ketter; joga; ubuntu; Nagmaal |

1.3.1 'n Geestelike dissipline wat asembeheer en eenvoudige meditasie insluit (1)

1.3.2 Twee verskillende geloofstelsels wat gekombineer word om 'n nuwe een te vorm (1)

1.3.3 'n Benadering wat nie God se bestaan verwerp nie, maar dit eenvoudig ignoreer (1)

1.3.4 Iemand wat teen ortodokse geloofsoortuigings gekant is (1)

1.3.5 Om respek vir en empatie met mense te toon (1)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.4.1 Die Boeddha was 'n goddelike wese. (2)

1.4.2 Hervormde Jode glo dat die Tora God se woord is. (2)

1.4.3 Die Kruistogte was 'n reeks Joodse oorloë teen Christen-gebiede. (2)

1.4.4 Die mondelinge leringe van die Vedas is deur Krishna Dwipayana in 'n gestandaardiseerde teks versamel. (2)

1.4.5 Ilima is die Suid-Afrikaanse nasionale godsdienstige struktuur van die Afrika Tradisionele Godsdiens. (2)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Elke item mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Karma | A | hoof van Tibettaanse Boeddhisme |
| 1.5.2 | Dalai Lama | B | 'n diep en plegtige belofte |
| 1.5.3 | Kalief | C | hoof van die ortodokse vertakking van die Christelike godsdiens |
| 1.5.4 | Ateïsme | D | ontkenning van die bestaan van God |
| 1.5.5 | Verbond | E | die heilige teks van Judaïsme |
| | | F | 'n Moslem godsdienstige leier wie se gesag van die Profeet Muhammad afkomstig is |
| | | G | die geloof dat elke handeling gevolge het wat later in reïnkarnasie te voorskyn kan kom |

(5 x 1) (5)

1.6 Beantwoord die volgende vrae.

1.6.1 In TWEE sinne, verduidelik die begrip *gelykenis*. (4)

1.6.2 In die konteks van Religiestudies, vergelyk die term *beskrywende stelling* met die term *normatiewe stelling*. (4)

1.6.3 Wat is 'n *normatiewe bron*? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks die betekenis van ELK van die volgende terme/begrippe. Gee EEN voorbeeld uit enige godsdiens of wêreldbeskouing om die betekenis te illustreer.

2.1.1 Doktrine/Leerstelling (2 x 2) (4)

2.1.2 Mite (2 x 2) (4)

2.1.3 Ideologie (2 x 2) (4)

2.1.4 Allegorie (2 x 2) (4)

2.1.5 Goue reël (2 x 2) (4)

2.2 Dink jy godsdiensvryheid word in Suid-Afrika beskerm? Gee redes vir jou antwoord. (10)

2.3 Oortuigings is dit wat volgelinge beweer die waarheid is.

Evalueer hoe die oortuigings van enige EEN godsdiens 'n harmonieuse lewenswyse in die gemeenskap kan bevorder. (10)

2.4 Eenheid verwys na die gevoel van om met iemand/iets eens te wees.

Hoe versterk godsdienste hulle eenheid? Gee voorbeelde uit verskillende godsdienste om jou antwoord te ondersteun. (10)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Sedert die aanneem van die demokratiese Grondwet in 1994 was daar al heelwat pogings van godsdiensleiers se kant om vriendskaplike betrekkinge tussen verskillende godsdienste te bewerkstellig.
>
> [Bron: *Top Class Religion Studies*, bladsy 43]

Stem jy saam dat hegter bande tussen godsdienstige groepe noodsaaklik is om 'n regverdiger en vreedsame wêreld te verseker? Motiveer jou antwoord. (10)

3.2 Die volgende drie organisasies is gestig is om intergodsdienstige verhoudinge te bevorder. Kies EEN en bespreek die funksies daarvan in Afrika.

A Die Program vir Christen-Moslem-verhoudinge in Afrika ('The Programme for Christian-Muslim Relations in Africa [PROCMURA]')

B Die Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika ('The Interfaith Action for Peace in Africa [IFAPA]')

C Die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika ('The African Council of Religious Leaders [ACRL]') (10)

3.3 Jy is na 'n multigodsdienstige forum uitgenooi, wat in jou provinsie gehou sal word. Bespreek die rol van intergodsdienstige samewerking in die volgende gevalle:

3.3.1 MIV-en-Vigs-aktiwiteite (4)

3.3.2 Antipornografie-optog (4)

3.3.3 Noodlyn ('Lifeline') (4)

3.3.4 Parlementsopening (4)

3.3.5 Viering van openbare vakansiedae (4)

3.4 Dink jy dat die besluite geneem deur die Wêreldparlement van Godsdienste doeltreffend is om ons wêreld 'n beter plek te maak? Gee redes vir jou antwoord. (10)

**[50]**

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERDRAAGSAAMHEID MOET ONDERRIG WORD**

As 'n Afrikaan is ek bekommerd dat dit lyk asof ons vasteland die nuwe slagveld/strydtoneel vir internasionale terrorisme geword het.

Nigerië het al 'n hele paar aanvalle deur Boko Haram beleef. Guerilla-aktiwiteite in lande soos Mali het toegeneem en die verspreiding van Al-Shabaab van Somalië na Kenia wys dat terrorisme besig is om veld te wen en om stabiliteit in Afrika te bedreig.

Ek is bly om aan 'n intergeloofsraad te behoort, wat uit verskillende geloofsgroepe bestaan wat vir die algemene welstand van ons land saamwerk.

[Aangepas uit *The Star*, Dinsdag 1 Oktober 2013]

Bespreek EEN land in die wêreld waar daar konflik is soos volg:

4.1 Wat verstaan jy onder *terrorisme*? (2)

4.2 Waarom, dink jy, is godsdienstige terrorisme in Afrika besig om toe te neem? (10)

4.3 Noem enige land in die wêreld waar daar moontlik godsdienstige gewapende konflik is en bespreek die volgende:

4.3.1 Wat is die redes vir die konflik? (18)

4.3.2 Tot watter mate is godsdiens deel van die probleem? (10)

4.3.3 Wat kan godsdienstige organisasies doen om politieke vrede te bewerkstellig? (10)

**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ATEÏSTEGROEP WIL CHRISTELIKE GODSDIENS UIT SKOLE HÊ**

Daar is onlangs in die media berig dat 'n ateïste-organisasie geregtelike stappe teen ses openbare skole (twee in die Kaap en vier in Gauteng) in die Johannesburgse Hooggeregshof gedoen het. Die Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie (OGOD), 'n antigodsdienstige organisasie, wil hê die hof moet beveel dat die Christelike godsdiens uit die skole verwyder en verban moet word. Hulle redeneer dat hierdie skole 'geloofsapartheid' bevorder.

Die toelatingsbeleid van die skole wat geteiken word, beklemtoon dat hierdie skole 'n Christelike etos (atmosfeer) huldig, maar dat deelname aan Christelike aktiwiteite heeltemal vrywillig is.

Die waterskeidingsaak vir godsdiensvryheid in Suid-Afrika sal moontlik in die Konstitusionele Hof opland.

Ons moet saamstaan en bid.

[Bron: *JOY*-tydskrif, November 2014]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | In watter opsigte verskil die Christelike godsdiens van ander godsdienste? | (4) |
| 5.2 | Bespreek hoe die artikel hierbo tot godsdienskonflik kan lei. | (10) |
| 5.3 | Dink jy die ses skole betrokke bevorder 'geloofsapartheid' of verdraagsaamheid van alle godsdienste? Motiveer jou antwoord. | (10) |
| 5.4 | Wat, dink jy, kan gebeur as OGOD (Organisasie vir Godsdienste-Onderrig en Demokrasie) met hierdie saak suksesvol is? Bespreek VYF feite. | (10) |
| 5.5 | Dink jy hierdie artikel is bevooroordeeld? Gee redes vir jou antwoord. | (6) |
| 5.6 | Kies EEN godsdiens en verduidelik hulle leringe met betrekking tot godsdiensvryheid. | (10)<br>**[50]** |

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou